SAVF Cecilia van Wijk Kleuterskool
DIE WIJKIE BYTJIES

013 7524491
Murraystraat 31, Nelspruit 1200
ceciliavanwyk.principal@savf.co.za
www.ceciliavanwyk.co.za

Aansoekvorm 2025

Datum van aansoek:		Beplande toetreedatum:	

BANKBESONDERHEDE: **SAVF Cecilia van Wyk Kleuterskool** **Bank: ABSA Rek no: 1070810030** **Takkode: 632005** **Verwysing: Kleuter se naam en van**	Registrasie: R 600 per gesin		
	Voldag: (07:00-17:30)	1ste kleuter R 3300	2de kleuter R 3100
	Halfdag: (07:00-14:00)	1ste kleuter R 3000	2de kleuter R 2900

VERPLIGTE DOKUMENTASIE:					
1	**Kind se geboorte sertifikaat**		**6**	**Popi-Wet dokument geteken deur beide ouers**	
2	**Immuniseringskaart**		**7**	**Vorderingsverslag van vorige skool**	
3	**ID dokumente van beide ouers**		**8**	**Skeibrief (Indien nodig)**	
4	**Mediese fonds kaart**		**9**	**Hofbevel (Indien nodig)**	
5	**Mediese beleid**		**10**	**Kontrak onderteken en parafeer**	

A. **INLIGTING: KIND**			
Van:		**Volle name:**	
Noemnaam:		**Geslag:**	
Geboortedatum:		**Huistaal:**	
Vorige skool:		**Kontaknommer:**	
Aantal kinders in gesin:		**Plek in die gesin:**	

My kind gaan van hierdie opsie gebruik maak:	**Halfdag (07:00–14:00)**		**Voldag: (07:00 –17:30)**	

Is u kind toiletvaardig?	**Ja**		**Nee**		**Inligting:**	

B. INLIGTING: OUERS				
Samestelling van gesin:	Ouers getroud	Ouers geskei	Ouers woon saam	Ouers woon afsonderlik
	Pleegsorg	Hersaamgestelde	Weduwee	Wewenaar
Woonadres van kind:				

	MOEDER/VOOG	**VADER/VOOG**
Van:		
Volle name:		
Noemnaam:		
ID nommer:		
Huwelikstatus:		
Verwantskap:		
Beroep:		
Verhouding tot kind: bv. Pa / Oupa/Stiefpa		
Selfoon:		
Werk:		
Huis:		
E-pos:		
Werksadres:		
Woonadres		
Kerkverband:		

Parafeer:_____

C. **MEDIESE BESONDERHEDE:**			
Mediese fonds skema:		**Mediese fonds nommer:**	
Hooflid:		**Afhanklikheidskode:**	
Huisdokter:		**Telefoonnommer:**	
Allergieë:			
Is immunisering op datum?			
Watter kindersiektes het u kind gehad?			
Was u kind voorheen geëvalueer deur, of vir behandeling by enige professionele persoon bv. arbeidsterapeut, opvoedkundige sielkundige, gehoor- of spraakterapeut?		Ja	Nee
Spesifiseer:			
Enige ander inligting:			

D. **ADDISIONELE KONTAKNOMMER: Ingeval van nood: Alternatiewe kontaknommer**			
Naam en Van	Kontaknommer	Verwantskap	ID nommer

E. WIE MAG KIND KOM HAAL ANDERS AS OUERS:			
Naam en Van	Kontaknommer	Verwantskap	ID nommer

F. POPI-VRYWARING:

Verpligtend: Toestemming verleen in terme van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting: Wet 4 van 2013

Hiermee gee ek, Ouer/Voog 1_____, ID _____, Ouer/Voog 2 _____ , ID _____ toestemming dat my persoonlike inligting en die persoonlike inligting van my kind, _____ , aangewend gaan word vir die interne funksionering en dienslewering van die organisasie en dat geen data aan ongemagtigde persone beskikbaar gestel sal word nie.

Handtekening:	*Ouer/Voog 1*	*Ouer/Voog 2*

Toestemming vir publikasie van kind se foto/kunswerke/naam:
As deel van die onderrig, interaksie en sosialisering by ons kleuterskool sal foto's en video's geneem word om die aktiwiteite, ervarings en deelname van die kinders vas te lê en te dokumenteer. Ten einde die regte en privaatheid van die kinders by ons skool te beskerm, het ons die toestemming nodig van die ouers of wettige voogde van die kind om foto's van die kind te neem terwyl die kind ons skool bywoon.

Klas se Whatsapp-groep (Slegs ouers):	☐ Ja	☐ Nee
Skool se webtuiste en Facebookblad:	☐ Ja	☐ Nee

Handtekening:	*Ouer/Voog 1*	*Ouer/Voog 2*

G. KOMMUNIKASIE

Elke klas maak gebruik van 'n Whatsapp-groep om vinnig inligting, omsendbriewe en foto's te deel. **Slegs wettige voog van kind mag op die Whatsapp-groep wees.** U is welkom om die klasjuffrou op haar selfoon te kontak. Neem wel kennis personeel mag nie op hulle selfone wees tydens toesigtyd nie. Juffrou sal u terug kontak op 'n geleë tyd. Kontak die kantoor vir enige dringende boodskappe asseblief. Respekteer asseblief personeel se persoonlike tyd in die aand. Gereelde kommunikasie met klasonderwyseresse word deurentyd aangemoedig. Dit sal egter waardeer word indien afsprake vooraf gereël word sodat gesprekvoering ongesteurd kan plaasvind.

Klas Whatsapp-groep	*Naam*	*Telefoonnommer*

Parafeer:_____

H: VRYWARINGSOOREENKOMS:

Ek verstaan en aanvaar dat alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid en welstand van my kind.

1. Ek bevestig dat sover ek weet verkeer my kind in goeie gesondheid en is hy/sy in staat is om aan die aktiwiteite van die kleuterskool deel te neem.
2. Ek dra my magte as ouer/voog oor aan die hoof van die kleuterskool of haar verteenwoordiger indien daar mediese behandeling vir my kind nodig mag wees en dat ek verantwoordelik sal wees vir die koste van daardie mediese behandeling ongeag of dit as gevolg van 'n besering is wat my kind opgedoen het terwyl in die sorg van die kleuterskool.
3. Ek gee toestemming dat, indien daar `n noodgeval is, die skool my kind na `n mediese fasiliteit mag vervoer en ek as ouer aanvaar dat ek verantwoordelik is vir die koste daarvan
4. Ek vrywaar SAVF Cecilia van Wyk Kleuterskool teen die opdoening van enige infeksies en-/of aansteeklike siekte en onderneem om die leerling teen alle aansteeklike siektes te laat immuniseer en bewys van sodanige immunisering op ons eie koste te dra.
5. Ek vrywaar SAVF Cecilia van Wyk Kleuterskool teen enige aanspreeklikheid as gevolg van verlies of skade van persoonlike eiendom.
6. Ek toestemming gee dat my kind kleuterinstappies mag meemaak op die skoolterrein. Kleuterinstappies is byvoorbeeld 'n besoek van die brandweer aan die skool.

_____	_____	_____
Naam en van (Moeder/Voog)	Handtekening	Datum
_____	_____	_____
Naam en van (Vader/Voog)	Hantekening	Datum

H. FINANSIËLE VERKLARING:

Besonderhede van persoon wat verantwoordelik is vir die betaal van rekening:			
Naam en Van:		ID nommer:	
Werk telefoon:		Woonadres:	
Telefoon:		E-pos:	

Ek, _____, ID nommer_____ aanvaar aanspreeklikheid vir die stiptelike betaling van onderriggelde van (kleuter se naam) _____.

1. Skoolfonds is streng vooruit betaalbaar. Ek onderneem om skoolgeld voor of op die sewende(7de) van elke maand soos volg te vereffen (GEEN KONTANT):
   ☐ Jaarliks eenmalige betaling ☐ Maandeliks ☐ Internet oorplasing
   ☐ Debietorder (sien aangehegte vorm)
2. Ek onderneem om die Hoof skriftelik in kennis te stel indien die skoolfonds nie vereffen kan word nie.
3. Ek verstaan my kleuter kan toegang tot die kleuterskool geweier word as skoolfonds agterstallig is.
4. Indien die fooie vir 'n betrokke maand nie teen die sewende dag (7de) van daardie maand ten volle betaal is nie, sal die ouer nie geregtig wees om die kind by die skool te laat nie. Sodra alle fooie ten volle vereffen is kan die kind weer toegelaat word.
5. Ek is bewus daarvan dat, indien ek sou nalaat om by my onderneming te bly, die skool die nodige regstappe sal neem om die uitstaande bedrae te verhaal.
6. Ek onderneem om een (1) kalendermaand skriftelik kennis te gee indien my kind nie meer die skool gaan bywoon nie.
7. Ek verklaar dat ek die vorm volledig ingevul het en dat die besonderhede waar en korrek is.
8. Ek het die toelatingsvereistes en skoolreëls gelees en verstaan.
9. Ek-/Ons die ouers/voog onderneem om my/ons te hou by die ooreenkoms soos hierbo uiteengesit t.o.v. die betaling van skoolgeld.

_____	_____	_____
Naam en van (Moeder/Voog)	Handtekening	Datum
_____	_____	_____
Naam en van (Vader/Voog)	Hantekening	Datum

Parafeer:_____

OOREENKOMS aangegaan deur en tussen SAVF Cecilia van Wijk Kleuterskool NPO-NOMMER: 010-262 geregistreer as 'n welsynsorganisasiekragtens die Wet op Organisasies Sonder Winsoogmerk, 1997 (Wet No 71 van 1997).

Fisiese Adres: Murraystraat 31, Nelspruit 1200 Kontakbesonderhede: ceciliavanwyk.principal@savf.co.za

(hierin na verwys as die Cecilia van Wijk Kleuterskool)

en

Naam van ouer/voog _____ **Identiteitsnommer**_____ **Verwantskap met kind**_____ **Woonadres**_____ **Werkgewer** _____ **Werksadres** _____ **Kontakbesonderhede** **(w)**_____**(s)**_____ **(e-pos)**_____	**Naam van ouer/voog** _____ **Identiteitsnommer**_____ **Verwantskap met kind**_____ **Woonadres**_____ **Werkgewer** _____ **Werksadres** _____ **Kontakbesonderhede** **(w)**_____**(s)**_____ **(e-pos)**_____

(hierin na verwys as "**die Ouer**")

ten opsigte van

Kind se volle name en van: _____

Noemnaam: _____

Geboortedatum: _____

(hierin na verwys as **"die Kind")**

AANGESIEN SAVF CECILIA VAN WIJK KLEUTERSKOOL (die skool) onderneem om Vroeë Kinderontwikkeling dienste aan die Ouer ten opsigte van die Kind te voorsien;

EN AANGESIEN die Ouer bevestig dat die Kind onder skoolpligtige ouderdom is en onderneem om die Kind in **"Die SAVF CECILIA VAN WIJK "** se toesig te laat op die voorwaardes soos in hierdie ooreenkoms vervat;

Kom die partye soos volg ooreen:

1. TOELATINGVEREISTES:

1.1 Uitnemendheid word aanvaar as 'n spesifieke doel vir hierdie skool. Om ons in staat te stel om hierdie hoë standaard te bereik, is dit nodig om reëls in plek te hê tot voordeel van ouers, kinders en personeel. Ons skool/sentrum is op Christelike beginsels gebaseer en dus 'n Christelike etos. Teen hierdie agtergrond vergewis uself asseblief van die volgende aspekte rakende die skoolorganisasie.

1.2 Slegs kinders tussen die ouderdom van 4 maande en die skoolpligtige ouderdom sal toegelaat word.

1.3 Alle kinders moet reeds die voorgeskrewe immunisering ontvang het. Die skool neem geen verantwoordelikheid vir immunisering nie. Dit is die plig van die ouer om toe te sien dat alle immunisering op datum is.

1.4 Kleuters waarvan die moedertaal Afrikaans is, of bereid is om in Afrikaans onderrig te ontvang.
SAVF is daartoe verbind om die privaatheid van al ons Data-onderwerpe te beskerm en te verseker dat die persoonlike inligting wat ingesamel word, behoorlik, wettig en deursigtig gebruik word. Persoonlike inligting wat vir 'n spesifieke doel ingesamel word, sal uitgevee word sodra daardie doel bereik is, tensy dit om wettige redes gehou moet word.

2. SKOOLFOOIE:

2.1 'n Nie-terugbetaalbare registrasiefooi van R600 is ten opsigte van die registrasie vir 'n jaar of 'n gedeelte van 'n jaar betaalbaar.
Hierdie ooreenkoms word aangegaan met ingang van _____ (datum).

Voldag: (07:00-17:30)	1ste kleuter R 3300	2de kleuter R 3100
Halfdag: (07:00-14:00)	1ste kleuter R 3000	2de kleuter R 2900

Die skoolfooie beloop R _____ per maand.

2.2 Maandelikse skoolfooie is streng betaalbaar voor of op die sewende dag van elke maand.

2.3 Indien die fooie vir 'n betrokke maand nie teen die sewende dag (7de) van daardie maand ten volle betaal is nie, sal die Ouer nie geregtig wees om die kind by die skool te laat nie. Sodra alle fooie ten volle vereffen is kan die kind weer toegelaat word.

2.4 Die maandelikse skoolfooie sal aan die einde van elke kalenderjaar / alternatiewelike finansiële jaar hersien word en die Ouer sal ten minste 'n kalendermaand skriftelik van die fooie vir die daaropvolgende jaarperiode kennis gegee word.

2.5 Indien betaling van fooie vir 30 dae of langer agterstallig is, sal stappe geneem word om die betrokke bedrag met rente in te vorder. In so 'n geval sal die Ouer verantwoordelik wees vir alle kostes aangegaan in die verhaling van die uitstaande fooie, insluitend invorderingskoste op 'n prokureur en eie kliëntskaal, asook invorderingskommissie.

2.6 Betalings moet per debietorder of elektroniese inbetalings (EFT) in die skool se bankrekening met die volgende besonderhede, gemaak word:

Rekeningnaam	**SAVF Cecilia van Wyk kleuterskool**
Bank	ABSA
Takkode	632005
Rekeningnommer	1070810030
Verwysing	Kleuter se naam en van

2.7 Indien die kind weens siekte, jaarlikse verlof saam met die Ouer, of enige ander rede afwesig is, is die volle fooie vir die maand steeds betaalbaar. Volle fooie is ook betaalbaar gedurende skoolvakansies, afgesien daarvan of die kind die skool bywoon of nie.

2.8 Kredietnavrae mag doen by enige kredietburo of instansie wat oor toepaslike inligting beskik, ten einde die Ouer se kredietwaardigheid te bepaal.

2.9 Ouers met uitstaande fooie verskuldig aan die skool sal gelys word op 'n toepaslike databasis/diens wat die plasing van u kind by 'n volgende skool mag beïnvloed.

3. SKOOLURE

3.1 Die Kleuterskool is Maandae tot Vrydae vanaf 07:00 tot 17:30 oop. Die skool is gesluit op naweke en publieke vakansiedae.

3.2 Ouers moet asseblief daarop let dat ons opvoedkundige program stiptelik om 08:00 'n aanvang neem. Indien u kleuter dus laat by die skool aankom, veroorsaak dit vir hom/haar, sowel as vir die ander kleuters in die klas groot ontwrigting. Ouers word versoek om nie klasse te ontwrig nie.

3.3 Die Ouer moet die Kind tot binne-in die skoolterrein vergesel.

Parafeer:_____

3.4 Kleuters word nie na wagtende motors gestuur nie, maar word persoonlik deur die ouers afgehaal.
3.5 Ouers word versoek om nie laat te kom nie, aangesien dit `n klein kindjie geweldig ontstel as almal vertrek en hy/sy alleen agterbly. Boetes van R50/15 minute laat is betaalbaar vir laat kom haal.
3.6 Ons volg 'n vier-termyn jaar, maar die skool bied vakansieprogramme aan gedurende April-, Julie- en Oktobermaande.
3.7 Die skool sal egter ongeveer 12 werksdae gesluit wees gedurende die Desember vakansie

4. AFLAAI EN OPLAAI VAN KLEUTERS

4.1 Tussen 07:00 en 08:00 is 'n personeellid aan diens by die ingangshek van die skool.
4.2 'n Medikasieboek is beskikbaar vir toediening van medikasie deur die dag by toegangshek. Perdjie- en Hasieklas peuters teken medikasie by klasjuffrou aan.
4.3 Enige skriftelike reëlings kan in die boodskapboek aangeteken word. Indien iemand anders u kleuter kom haal, maak asseblief nodige reëlings telefonies of in die boodskapboek.
4.4 Kleuters mag onder geen omstandighede voor die skoolhek afgelaai word nie - hulle moet persoonlik oorhandig word aan 'n personeellid.

5. WAT MOET DIE KLEUTER SAAMBRING

5.1 Elke kleuter moet sy/haar eie tas saambring skool toe.
5.2 Die kleuter moet voorsien word met 'n kosblikkie met 'n versnappering (bv. 'n toebroodjie en/of vrug en/of jogurt) vir 10:00 en 15:00 broodjietyd.
5.3 U kleuter bring 'n waterbottel daagliks saam skool toe met water – **GEEN SAP WORD TOEGELAAT NIE.**
5.4 Geen soetgoed in die kosblik nie! Op Vrydae mag u wel 'n lekkertjie vir u kleuter inpak.
5.5 'n Stelletjie skoon klere.
5.6 Kleuterskool hempies is beskikbaar in die kantoor vir 'n koste van R130.00. Die kleuters kan hierdie hempies op Vrydae aantrek en op uitstappies.
5.7 Trek asseblief vir u kind gemaklike, ou wasbare klere aan, want hulle klim-en-klouter die hele dag en morsige spel vorm deel van u kind se ervaring in die program. Hoë hakke of platformskoene word nie toegelaat op speelterrein nie.
5.8 Alle klere, skoene en enige ander artikels wat aan die kleuter behoort, moet duidelik gemerk wees.
5.9 'n Matras en kombersie word verskaf deur die skool.

6. VERVERSINGS EN VOEDSEL

6.1 Smaaklike, gebalanseerde maaltye word elke dag voorsien (ontbyt, middagete en verversings). Daar sal daaglikse 'n spyskaart op die kennisgewingbord wees.
6.2 Enige voedselallergieë moet asseblief onder ons aandag gebring word.
6.3 Die kleuter moet voorsien word met 'n kosblikkie met 'n versnappering (bv. 'n toebroodjie en/of vrug en/of joghurt) vir 10:00 en 15:00 broodjietyd.
6.4 U kleuter bring 'n waterbottel daagliks saam skooltoe met water – **GEEN SAP WORD TOEGELAAT NIE.**

7. KLEREDRAG

7.1 Ouers word versoek om toe te sien dat kleuters gemaklik aangetrek is, sodat hulle met gemak kan speel en mag vuil word. Speel met verf, sand en modder vorm deel van die dag se werk en deftige klere weerhou die kleuter van deelname aan hierdie belangrike aktiwiteite.
7.2 Kleuters word aangemoedig om selfstandig te wees en daarom moet ouers toesien dat kledingstukke maklik deur die kleuter aan- en uitgetrek kan word.
7.3 Alle klere en besittings moet duidelik gemerk wees. U kind moet elke dag voorsien word van 'n ekstra stel klere, asook die nodige warm klere ingeval van koue weer.
7.4 Indien u kind per ongeluk verkeerde klere geneem het, stuur dit asseblief terug skool toe, sodat ons die regte eienaar kan soek.

8. SPEELGOED

8.1 Daar is voldoende opvoedkundige speelgoed vir almal en kinders moet asseblief geen speelgoed van die huis saambring nie.
8.2 Spesiale speelgoed dae word vir kleuters aangebied wanneer hulle speelgoed mag saambring van die huis af.
8.3 Daar mag ook geen selfone, i-pad of enige ander elektroniese toerusting saamgebring word nie.

9. VERJAARSDAE

Verjaarsdae is 'n groot geleentheid vir elke kleuter en ons deel graag in die vreugde. Ouers is welkom om versnapperings skool toe te stuur sodat kleinding sy/haar partytjie by die skool kan vier. Vooraf reëlings moet egter met die klasonderwyseres getref word. Verjaarsdae word gevier gedurende kosblikkietyd om 10:00.

10. BAK EN BROU

Bak en Brou word op Vrydae en sal op die maandprogram aangedui word.
Meer inligting word deur die klasonderwyseres gekommunikeer. Bestanddele vanaf die huis word benodig.

Parafeer:_____

11. ADDISIONELE AKTIWITEITE

Musiek, sang, dans, kreatiewe uitdrukking en perseptuele ontwikkeling vorm alles deel van die kind se daaglikse program en van die kurrikulum wat ons volg. Onderrig in bogenoemde word deur tersiêre-opgeleide onderwyseresse aangebied in ooreenstemming met die groep se ontwikkelingsvlak. Om ouers te akkommodeer wat nogtans verlang dat hulle kinders aan ekstra aktiwiteite deelneem, word die volgende aangebied. U is onder geen verpligting om u kleuter te laat deel neem nie.

Maandag	Little Readers	Domonique	072 213 1116
Dinsdag	Aqua Kid Swemklasse (vanaf 18 maande)	Louise	082 411 0678
Dinsdag	Playball	Charlize	072 500 5644
Woensdag	Besige Miertjies	Marilize	079 864 0804
Donderdag	Trinette's Dance Accademy	Trinette	083 650 5379
Donderdag	Puma Kids	Morné	060 650 6265

As dit blyk dat u kind addisionele ondersteuning benodig om sekere mylpale te behaal, moedig ons u aan om gebruik te maak van terapie soos nodig, terwille van u kind se ontwikkeling.

Spraakterapeut	Leandrie Wolmarans	072 291 4618
	Lia Odendaal	074 585 2079
Spraakterapeut/Oudioloog	Laurette Lemmer	013 759 0545
Arbeidsterapeut	Estelle Buitendag	082 870 3683
	Estelle Theron	082 372 9536
Opvoedkundige sielkundige	Cora Breytenbach	082 810 2409
	Leverne Wagner	082 450 9278

12. MEDIKASIE EN SIEKTES

12.1 Siek kinders met aansteeklike siektes moet asseblief tuisbly. Geen siek of kinders wat aansteeklike siektes het sal toegelaat word om die Skool by te woon nie. Stel asseblief die Skool in kennis indien u kind siek is.

12.2 Indien u kind enige allergieë het, moet die kleuterskool in kennis gestel word.

12.3 Kinders wat medikasie moet gebruik, moet by die huis versorg word totdat hul gesond genoeg is om terug te keer na die kleuterskool, of moet ten minste vir die eerste drie dae by die huis versorg word. Indien dit nodig is om voorskrif medikasie te voltooi, sal dit eers na drie dae van afwesigheid, toegedien kan word.

12.4 Die reël in verband met medikasie is dus as volg: Die betrokke medisyne register by die hek moet ingevul word met duidelike instruksies deur die ouers/voogde. Geen medikasie sal toegedien word, indien die medisyne register nie volledig voltooi is nie. Medikasie kan slegs 08:00 en 12:00 voor rustyd toegedien word.

Kleuters moet by die huis bly as hulle enige van die onderstaande simptome toon:

- Op antibiotika. Na 48 uur op antibiotika mag jou kind terugkom skool toe, indien hy/sy GEEN van onderstaande simptome ervaar nie.
- Indien jou kind op antibiotika is maar NIE aansteeklik is nie VEREIS ons 'n doktersbrief ter bevestiging.
- Asemhalingsprobleme of 'n aanhoudende hoes.
- Verkoue, Griep, Brongitis of (Griep is 'n virale infeksie en dus aansteeklik)
- Mangelontsteking (Gewoonlik a.g.v. 'n virale infeksie, wat wel aansteeklik is).
- Koors bo 37.5°
- Uitslag met gepaardgaande koors
- Diarree/Braking
- Ongewone moegheid
- Geen eetlus
- Loopneus wat groen of geel van kleur is
- Kopluise
- Oog-infeksie van enige aard
- Aansteeklike siektes bv. Masels, Pampoentjies, Waterpokkies ens.

Parafeer:_____

13. BESERINGS:

13.1 Voorsorgmaatreëls word getref om beserings te beperk. Personeel beskik oor die nodige eerstehulp kwalifikasies.

13.2 Elke onderwyseres het 'n basiese noodhulpkissie byderhand en daar is 'n goed toegeruste noodhulpkis in die kantoor. In die geval van 'n ongeluk is daar 'n behoorlike prosedure wat gevolg moet word.

13.3 In die geval van beserings waar mediese sorg benodig word, word ouers onmiddellik geskakel en gevra om kleuter te neem vir mediese behandelings. Ongeluksverslag sal aan ouer voorsien word.

14. VEILIGHEID EN SEKURITEIT

14.1 Die Skool neem alle redelike stappe om te verseker dat u kind veilig is by die Skool. Die Skool kan egter nie aanspreeklik gehou word vir enige verlies of skade of beserings aan die Kind of sy eiendom tydens sy/haar teenwoordigheid by die Skool nie.

14.2 Die Ouer vrywaar die Skool teen enige eise voortspruitend uit liggaamlike beserings en skade aan eiendom, wat die Ouer op die perseel van die SAVF mag ly.

14.3 CCTV kameras is in klaskamers.

14.4 Toegang tot skool word beheer deur afstandbeheer. Maak asseblief seker u maak die hek toe.

14.5 Parkeerarea, ry ten alle tye stadig en maak seker u voertuig is gesluit.

15. KOMMUNIKASIE

15.1 Die kommunikasieboek is soggens by die hek beskikbaar vir ouers se gebruik.

15.2 Elke klas maak gebruik van 'n Whatsapp-groep om vinnig inligting, omsendbriewe en foto's te deel.

15.3 U is welkom om die klasjuffrou op haar selfoon te kontak. Neem wel kennis personeel kan nie op die selfone wees tydens toesigtyd nie. Juffrou sal u terug kontak op 'n geleë tyd. Kontak die kantoor vir enige dringende boodskappe asseblief. Respekteer asseblief personeel se persoonlike tyd in die aand.

15.4 Gereelde kommunikasie met klasonderwyseresse word deurentyd aangemoedig. Dit sal egter waardeer word indien afsprake vooraf gereël word sodat gesprekvoering ongesteurd kan plaasvind.

16. AANPASSING

Die aanpassing van u kind by die nuwe skool en onderwyseres kan moeilik wees en neem dalk 'n rukkie. Met ons ervare personeel behoort u kind binne 'n paar dae aan te pas en tuis te voel.

17. BUITESPEL

Die buite-area is 'n verlenging van die leerprogram in die klas. Dit bied meer geleentheid vir groot-motoriese beweging en ondersoekende aktiwiteite. Al hierdie aktiwiteite vorm deel van die kind se totale leerervaring.

18. DISSIPLINE

Toepassing van dissipline geskied op 'n positiewe en nie-afbrekende manier nie.

19. GRAAD R SKOOLGEREEDHEID

Neem asseblief kennis dat skoolgereedheidstoetse **verpligtend** is vir alle Graad R kleuters. Die koste is betaalbaar deur die ouer/voog en u sal vroegtydig die nodige inligting ontvang. Skoolgereedheid is 'n proses wat stelselmatig plaasvind. Dit loop hand-aan-hand met normale ontwikkeling, sodat kinders teen die tyd dat hulle skoolpligtig is, ook gereed is om aan die eise van formele onderrig te voldoen. Wanneer leerders Graad 1 betree, word daar verwag dat hulle reeds sekere ontwikkelingsvaardighede bemeester het. Dus is dit in belang van u kleuter om die skoolgereedheidstoets te voltooi.

20. POTJIE-AFRIGTING

Hierdie is 'n baie belangrike stadium in u kind se lewe. Dit behoort 'n gesonde ervaring te wees sonder spanning. Ons personeel is ervare en baie geduldig en ons hoop dat u sal dit ook so hanteer.

Die prosedure lyk soos volg:

- Afrigting begin met die oudste kinders in die groep.
- U sal 2 weke voor die tyd ingelig word.
- Moet nie onnodige druk op u kind plaas nie- dit sal die proses onnodig uitrek.
- Volg ook dieselfde prosedures tuis. Dit is belangrik dat u betrokke bly.
- Stuur 3-5 stelle klere sowel as plastieksakke vir nat klere. Klere moet verkieslik in 'n rekkie om die middel hê vir die maklike aan-en-uitrek.
- Kinders behoort teen 3-jarige ouderdom toilet-afgerig te wees. Die skool kan dus nie nuwe inskrywings aanvaar van kinders in die middelgroep (3 jaar en ouer), wat nie toilet-vaardig is nie.

21. POPI BELEID – BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING

Die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPI) vereis van ons om u in te lig hoe ons persoonlike inligting wat ons van u verkry, verwerk en openbaar maak. Ons is daartoe verbind om u privaatheid te beskerm en sal verseker dat u persoonlike inligting toepaslik, deursigtig en volgens toepaslike wetgewing gebruik word.

22. OPVOEDKUNDIGE PROGRAM

Ons dagprogram maak genoeg voorsiening vir goeie afwisseling tussen rustyd, roetinetyd, kringtyd en verskillende hand-aktiwiteite tydens vryspel. Afwisseling van dag tot dag help om eentonigheid te voorkom.

Met ons hoë standaard aanbieding en beplanning poog ons personeel om altyd die dagprogram vars en sprankelend te hou.

Parafeer:_____

- Nasionale Kurrikulum raamwerk word gevolg om die 6 ELDAS Vroeë Kinderontwikkeling areas te ontwikkel.
- Graad R - Die Nasionale Kurrikulum (CAPS) word gevolg as 'n minimumvereistes. Wiskunde, Taal en Lewensvaardigheid word geïntegreerd aangebied aan die hand van temas wat ons kleuters bewus maak van die wêreld rondom hulle. Onder die waaksame oog van die onderwyser, word kleuters geleer om selfstandig te werk en só die oorgang van informele onderrig na formele onderrig met gemak te bemeester.

Vorderingsverslae – Alle kleuters ontvang 1ste , 2de en 4de kwartaal verslae van klasonderwyseres.
Gr R kleuters ontvang 1ste, 2de , 3de en 4de kwartaal verslae.

<table>
<tr><th colspan="6">ONS DAGPROGRAM</th></tr>
<tr><th colspan="2">HASIEKLAS</th><th colspan="2">JUNIORS</th><th colspan="2">SENIORS</th></tr>
<tr><td>07:00 - 08:00</td><td>Aankoms en stimulerende binnespel</td><td>07:00 - 08:00</td><td>Aankoms en vryespel</td><td>07:00 - 08:00</td><td>Aankoms en vryespel</td></tr>
<tr><td rowspan="2">08:00</td><td rowspan="2">Bybel, liedjies en ontbyt</td><td>08:00 - 08:30</td><td>Register, Bybel, Oggendkring, Toiletroetine</td><td>08:00 - 08:30</td><td>Register, Bybel, Oggendkring, Toiletroetine</td></tr>
<tr><td>08:30 - 08:45</td><td>Ontbyt</td><td>08:30 - 08:45</td><td>Ontbyt</td></tr>
<tr><td>8:30</td><td>Doeke ruil</td><td>08:45- 10:00</td><td>Temabespreking en Kuns</td><td>08:45- 10:00</td><td>Temabespreking en Kuns</td></tr>
<tr><td>09:00</td><td>Bottels en slaaptyd stimulasie program vir die wat nie slaap nie.</td><td rowspan="2">10:00 - 10:15</td><td rowspan="2">Toiletroetine & Broodjietyd</td><td rowspan="2">10:00 - 10:15</td><td rowspan="2">Toiletroetine & Broodjietyd</td></tr>
<tr><td>10:00</td><td>Wakker word bottels of peuselhappie Doekies ruil & Vryespel</td></tr>
<tr><td>10:30</td><td>Stimulerende binne of buitespel</td><td rowspan="2">10:15 - 11:15</td><td rowspan="2">Vryespel buite</td><td rowspan="2">10:15 - 11:15</td><td rowspan="2">Vryespel buite</td></tr>
<tr><td>11:45</td><td>Middagete</td></tr>
<tr><td>12:15</td><td>Doeke ruil & in bed sit</td><td>12:00 - 12:30</td><td>Middagete</td><td>12:00 - 12:30</td><td>Middagete</td></tr>
<tr><td>12:30</td><td>Slaaptyd</td><td>12:45 - 14:00</td><td>Rustyd</td><td>12:30 - 14:00</td><td>Rustyd</td></tr>
<tr><td>14:00</td><td>Peuselhappies/ Bottels</td><td>14:00 - 15:00</td><td>Vryespel</td><td>14:00 - 15:00</td><td>Vryespel</td></tr>
<tr><td>15:00</td><td>Doekies ruil & skoon aantrek</td><td>15:00 - 15:30</td><td>Toiletroetine & Broodjietyd</td><td>15:00 - 15:30</td><td>Toiletroetine & Broodjietyd</td></tr>
<tr><td>15:30 - 17:30</td><td>Stimulerende spel binne of buite.</td><td>15:30 - 17:30</td><td>Vryespel tot huistoe gaan tyd</td><td>15:30 - 17:30</td><td>Vryespel tot huistoe gaan tyd</td></tr>
</table>

23. SKOOLBENODIGHEDE

Hierdie benodighede moet saam met u kind gestuur word op sy/haar eerste dag by die skool of aan die begin van die Nuwejaar.

HASIEKLAS	PERDJIEKLAS	VISSIEKLAS	PANDAKLAS	GEELKLAS (GRAAD RR)	GRAAD R (6 JAAR)
1x Wet Wipes (2 per maand) vir klas gebruik	1x Wet Wipes (een per maand)	1x Wet Wipes (een per kwartaal)	1x Wet Wipes (een per kwartaal)	1x Wet Wipes (een per kwartaal)	1x Wet Wipes (een per kwartaal)
1x A5 192 bladsy hardebandboek oorgetrek met naam en van	1x A4 Pak papier	1x A4 Pak papier	1x A4 Pak papier	1x A4 Pak papier	1x A4 Pak papier
		9-12 Stuk legkaart	24-stuk legkaart	2x Pakkies Uitdraaikryte	1x Pak Oliepastelle
		1x Ponalgom 100ml	1x Ponalgom 100ml	1x Ponalgom 100ml	1x Pritt gomstiffies 40g
		1x Pritt gomstiffie 40g	1x Pritt gomstiffie 40g	1x Pritt gomstiffie 40g	1x Ponalgom 100ml
				1x Stompneus skêr	2x Witbordpenne
				1x 2L Roomysbak	2x Pakke uitdraaikryte
				1x 36-stuk legkaart	A4 Plastiek koevert
					1x Stompneus skêr
					1x Pennesakkie
					1ste & 2de kwartaal 48- stuk legkaart **3de & 4de kwartaal** 63-stuk legkaart
					2x HB potlode
ALLE BENODIGHEDE MOET ASSEBLIEF DUIDELIK GEMERK WEES!					
'n Wijkie Bytjie Skoolhempie om op Vrydae of instappies/uitstappies te dra – R130.00 (kan in die kantoor ontvang word).					

Bak-en-Brou: Daar word Vrydae 'n bak-en-brou aktiwiteit aangebied. Die kleuters geniet dit terdeë. Bestanddele vanaf die huis word benodig. Juffrou sal beurte maak deur 'n paar ouers op 'n slag te kontak met die lysie van benodighede vir die week.

24. BENODIGHEDELYS VIR DIE KUNSSTOOR

Ons is afhanklik van ouers vir 'n skenking van bruikbare afvalmateriale vir die verryking van ons skeppende aktiwiteite. Dieselfde geld vir stukkende implemente, ou speelgoed en ou klere vir die fantasie areas. Indien moontlik, kan u die volgende items skool toe stuur soos u dit versamel by die huis.

Eierdoppe (gewas as u kan)	Joghurt houertjies	Knope	Gedrukte rekenaarpapier	Koerante/"shredded" papier	Geskenkpapier
Vuurhoutjie boksies	Foelie	Skoenbokse	Speelgoed/poppe/karretjies	Toiletrolletjies	Tydskrifte /storieboeke
Groentesakkies	Ou tennisballe	Afval materiaal	Afvalwol	Kurkproppe/Doppies	Papierborde
Roomysstokkies	Polystyrene bakkies	Purity botteltjies	X-straal plate	Saagsels	Blinkers/Glitter
Ou rekenaars	Weermag klere en "boots"	Hoë hakskoene, handsakke, serpe	Ou haardroërs	Kostuumjuwele	Ou selfone/telefone

Parafeer:_____

25. BABAKLAS INLIGTING.

Ons verstaan dat elke baba 'n kosbare gawe is; ons babas verdien die uiterste sorg, omgee, stimulasie en geleenthede vir ontwikkeling. Ons is opgewonde om 'n warm en liefdevolle omgewing te bied waar jou kleinding kan floreer en groei.

Ons toegewyde span versorgers, opgelei in vroeë kinderontwikkeling, is passievol oor die skep van 'n versorgende ruimte wat soos 'n tweede huis vir jou kleinding voel. Ons glo daarin om 'n gevoel van veiligheid en vertroue te bevorder, sodat jou kleinding gemaklik en geliefd voel vanaf die oomblik wat hulle ons perseel betree.

Sorg is die kern van alles wat ons doen. Van slaap- tot voedingsroetines, gee ons versorgers aandag aan elke behoefte van jou baba met tere liefde en sorg. Ons gee prioriteit daaraan om 'n omgewing te skep wat fisieke en emosionele welsyn bevorder, sodat jou kleinding se basiese behoeftes met die grootste sorg en liefde vervul word.

Ons erken ook die kritiese rol van stimulasie in 'n kind se vroeë jare. Ons sentrum is ontwerp as 'n oase van ontdekking en verkenning, waar jou kleinding se natuurlike nuuskierigheid gekoester en aangemoedig word. Deur 'n wye verskeidenheid van ouderdoms-toepaslike aktiwiteite en materiaal, streef ons daarna om hul sintuie te stimuleer, hul verbeelding te bevorder en hul kognitiewe en motoriese ontwikkeling te ondersteun. Van sensoriese speel tot kunsaktiwiteite, musiek en beweging, en interaktiewe storievertelling, bied ons 'n ryk en stimulerende omgewing.

Ons dagprogram:

Alhoewel die daaglikse roetiene met elke ouer bespreek word, vat ons ook hande met elke gesin sodat ons jou baba beter leer ken. By ons babasentrum is ons toegewyd om nie net jou baba nie, maar jou hele gesin te ondersteun. Ons glo daarin om 'n sterk band te vorm met elke ouer en om saam te werk om jou baba se spesifieke behoeftes te verstaan. Dit is belangrik vir ons om te weet wat jou baba gelukkig maak, wat sy of haar unieke persoonlikheid is, en hoe ons kan bydra tot jou gesin se geluk en welstand. Daarom moedig ons 'n deursigtige kommunikasie en samewerking aan tussen ons personeel en jou as ouer.
Hierdie samewerking help ons om 'n liefdevolle en sorgsame omgewing te skep wat jou baba se ontwikkeling en groei bevorder.

Wat moet ek inpak?

1. **Minstens 3 ekstra stelle skoon klere is noodsaaklik**
2. **Boudjiesalf vir doekrakkie**
3. **4 borslappe**
4. **Sagte haarborsel (bly in rakkie)**
5. **Wet wipes vir boudjies.**
6. **Minstens 6 wegggooidoeke, sowel as enige salf of poeier wat ons op die boedjies moet gebruik.**
7. **Totdat u baba oud genoeg is om etes saam met die res van die skool te geniet, moet u al baba se kos en bottels saamstuur. Stuur asseblief 'n ekstra bottel koeldrank vir water of tee saam.**
8. **Wanneer u baba oud genoeg is kan u ook versnappering inpak.**
9. **Indien u wil kan u baba ook 'n speelding van sy/haar eie saambring.**
10. **Fopspeen gemerk.**

26. HER-REGISTRASIE

Let asseblief daarop dat voor of op 1 September van elke jaar u kleuters her-registreer moet word om sy/haar plek te verseker vir die volgende jaar. 'n Nie-terugbetaalbare her-registrasie fooi van R500 per gesin is betaalbaar.

27. BEËINDIGING VAN DIE OOREENKOMS

26.1 Hierdie ooreenkoms kan deur enige van die partye beëindig word, voor verstryking van die aanvanklike termyn soos in klousule 2 hierbo gemeld, deur een maand skriftelike kennisgewing aan die ander party te gee.

26.2 Die SAVF Cecilia van Wijk Kleuterskool behou die reg voor om hierdie ooreenkoms met 48 uur te beëindig in enige van die volgende gevalle, maar is nie daartoe beperk nie:

- **Die Ouer nie die voorskrifte van die SAVF Cecilia van Wijk Kleuterskool nakom nie;**
- **Die Kind 'n gevaar inhou vir ander kinders of 'n slegte invloed op die ander kinders het;**
- **Skoolfooie vir 8 dae of meer agterstallig is.**

28. ALGEMEEN

Die Ouer kies sy/haar adres op die eerste bladsy hiervan as sy/haar *domicilium citandi et executandi* by welke adresse alle kennisgewings en prosesstukke in verband met hierdie ooreenkoms of enige aksie voortspruitend daaruit, effektief beteken kan word. Enige kennisgewing wat aan die Ouer gegee word wat: persoonlik by die *domicilium citandi et executandi* afgelewer is, sal geag word op die datum van aflewering daarvan ontvang te gewees het, tensy die teendeel bewys word; per vooruitbetaalde geregistreerde pos aan die Ouer by laasgenoemde se *domicilium citandi et executandi* ge-pos is, sal geag word 5 (vyf) dae na die datum van pos daarvan ontvang te gewees het, tensy die teendeel bewys word.

Die Ouer is geregtig om by wyse van skriftelike kennisgewing aan die SAVF Dagsorg-fasiliteit die adres van sy/haar *domicilium citandi et executandi* te verander. Hierdie ooreenkoms is die uitsluitlike en volledige ooreenkoms tussen die partye en geen waarborg(e), voorstelling(s) of ander terme en voorwaardes van watter aard ook al, wat nie hierin vervat is nie, sal op die partye bindend wees nie. Geen wysiging van die terme of voorwaardes van hierdie ooreenkoms of enige onderlinge kansellasie daarvan sal enige regskrag hê, tensy dit op skrif gestel en deur albei die partye, of hul behoorlike gevolmagtigdes, onderteken is nie.

BORGSKAP

Die SAVF Dagsorg-fasiliteit behou die reg voor om te vereis dat 'n kredietwaardige naasbestaande van die Kind en/of die Ouer, ook persoonlik borg staan vir die verpligtinge van die Ouer teenoor die SAVF Dagsorg-fasiliteit.

GEDATEER te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20_____

_____ _____

OUER/WETTIGE VOOG NAAM IN DRUKSKRIF

_____ _____

OUER/WETTIGE VOOG NAAM IN DRUKSKRIF

GEDATEER te _____ op hierdie _____ dag van _____20_____

_____ _____

NAMENS SAVF CECILIA VAN WYK NAAM IN DRUKSKRIF

Parafeer:_____

Murraystraat 31 - Nelspruit
18211, NELSPRUIT 1200
☎ 013 752 4491
013 752 4491
ceciliavanwyk.principal@savf.co.za
NPO 010/262

Cecilia van Wijk Kleuterskool

DEBIETORDERVORM

PERSOONLIKE BESONDERHEDE VAN KLIËNT						
Van/Besigheid naam:						
Volle name/Trading Name:						
ID nommer/Registrasie nommer:						
Fisiese Adres:						
Pos Adres:						
Kontak nommers:	HUIS	WERK	SELFOON	E-POS	FAKS	
Naam van Kleuter/s						
BANK BESONDERHEDE VAN KLIËNT						
Naam van rekeninghouer:						
Rekening tipe:	TJEK	TRANSAKSIE	SPAAR	ANDER		
Naam van Bank:						
Rekening Nommer:						
Tak naam:						
Tak Kode:						
Kredietkaart:	MASTER	VISA				
Laaste 3 syfers van Kredietkaart:						

TREKKINGS INSTRUKSIE - merk as van toepassing																		
Eenmalige Aftrekkings	x	Indien eenmalig, voltooi alleenlik datum van 1ste aftrekking							d	d	m	m	j		j			
Herhaaldelike Aftrekkings	x	Datum van 1ste Aftrekking	d	d	m	m	j	j	Bedrag R	0	0	0	0	0	0	0		
		Hoeveel suksesvolle maande van aftrekkings na die 2de								0				0				
		Aftrekkingsdag van die maand																

1. Ek/Ons, die kliënt of behoorlike gemagtigde verteenwoordiger daarvan ("die kliënt"), gee hiermee goedkeuring aan die entiteit hieronder genoem SAVF ,STRATCOL (EDMS) BPK en/of sy agente, om d.m.v. 'n Elektroniese Debietorder van die bogenoemde rekening te vorder, en om genoemde gelde oor te betaal aan SAVF . Die goedkeuring gegee is beperk tot enige maksimum bedrag en trekkingsdatum gestel of binne 7 dae daarna.
2. Ek aanvaar die volgende om van toepassing te wees hiertoe:
3. Hierdie goedkeuring mag net teruggetrek word met 30 (dertig) dae skriftelike kennis aan die gebruiker by sy/haar fisiese adres;
4. Ek en/of die KLIËNT, afsonderlik en/of gesamentlik, vrywaar SAVF STRATCOL BPK
5. en/of sy agente teen enige eise van enige aard wat kan ontstaan a.g.v. die elektroniese debiet of oordragte d.m.v. hierdie goedkeuring hetsy reeds teruggetrek of nie;
6. In die geval waar die relevante rekening nie genoegsame beskikbare fondse het om enige debiet te dek nie, is ek bewus dat 'n fooi gehef sal word teen die KLIËNT se rekening deur SAVF vir hierdie terugsending. Ek aanvaar die verantwoordelikheid om genoegsame en beskikbare fondse gelykstaande aan die minimum bedrag soos hierbo genoem, te verseker-(of soos aangepas van tyd tot tyd)
7. Enige verwysing na die entiteite soos hierbo genoem sluit in 'n verwysing na enige opvolger in titel of in aanstelling;
8. Hierdie goedkeuring is nie 'n verwysing van 'n spesifieke betalingsooreenkoms van rekeninge nie en dit dien slegs as 'n ooreenkoms vir die manier van betaling, gedeeltelik of ten volle en enige rekening met die gebruiker sal net gekrediteer word wanneer die werklike betaling deur SAVF ontvang is;
9. Sou enige dispuut ontstaan insake SAVF se regte om gelde te vorder in terme hiervan, is die onus op die KLIËNT om sy bank die instruksie te gee om enige debiete terug te stuur as onbetaald.

DATUM _____

HANDTEKENING _____